

23 JUNIE

**SKRIFGEDEELTE: 2 KONINGS 12:1-16
FOKUSGEDEELTE: 2 KONINGS 12:14-15**

Betroubaarheid in ons geldsake

Onder al die slegte konings van Juda is Joas 'n ligpunt. Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here. As die priesters in die hantering van die inkomste van die tempel nalatig bevind word, maak koning Joas 'n plan. Hy plaas 'n kis met 'n gat in die deksel by die ingang van die tempel, vlak by die altaar, sodat al die offergawes daarin gegooi kan word. Wanneer die kis vol word, sit hulle dit in sakke, tel dit en betaal daarmee die werkers sodat die bouvallige tempel herstel kan word. Die betroubaarheid van die voormanne (vs. 14-15) staan dan in skrilte kontras teenoor die nalatigheid van die priesters!

As verlore kinders van God behoort ons betroubaar te wees soos Christus, wat tot die dood toe getrou was aan sy verlossingstaak. Hoor hoe word Hy besing (Op. 15:3): "Groot en wonderbaarlik is u dade, Here God, Almagtige. *Reg en betroubaar* is u optrede, Koning van die nasies." (Kursivering deur outeur.)

In die hantering van die geldsake van die kerk van die Here behoort daar geen ruimte vir enige nalatigheid gelaat word nie. Noukeurigheid in kerklike bydraes en die boekhouding daarvan is 'n absolute vereiste in die kerk van die Here. So word daar sorg gedra dat die geld gebruik word vir die doel waarvoor dit gegee word – die versorging van die eredienste en alles wat daarmee gepaardgaan, is die eerste prioriteit.

Is jy self ook betroubaar in jou eie geldsake? Is jy ook betroubaar in jou eie bydraes vir die instandhouding van die erediens in jou gemeente? Maak jy ook seker dat dit gebruik word waarvoor dit bedoel is?

Ds Marten van Helden (Centurion)